**WOENSDAG 24 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOB 2:1-10**
**TEKSGEDEELTE: JOB 2:9-10 (OAV & NAV)**

**Job se vrou – Aanvaar God in goeie en in slegte tye**

Ons lewe vandag in ’n tyd waar swaarkry ’n algemene woord onder gelowiges geword het. Baie mense sit sonder werk, mense om ons gaan dood, mense word siek en misdaad in ons huidige konteks is ’n realiteit. In al hierdie swaarkry is dit vir ons baie maklik om die blaam op iemand anders te plaas.

Job het baie pyn en hartseer in sy lewe ervaar, en dit was dan ook so dat sy vrou vir hom in 2:9 sê om God te vervloek en om te sterf. Sy het uit onkunde met Job gepraat. Net soos Job het sy ook al die hartseer beleef, sy het ook haar kinders verloor en sy’t gesien hoe siek haar man is. Sy raai Job aan om te doen wat Satan met Job se rampe beoog.

Hier sien ons hoe Satan weer die vrou as verleidster gebruik (Gen. 3:1). Haar gedagtes is hier dat lyding sonder God makliker is as met God. Job verwerp die verleiding, omdat God soewerein is.

Ons moet ook alles aanvaar soos Hy dit beskik. Ons as mense is geneig om God se regverdigheid en goedheid te bevraagteken. Dit is juis die doel van die boodskap in Job: om vir ons daarop te wys om nie van God af weg te draai nie, om nie in die versoeking te kom om God te vervloek nie. Sy eie Seun moes die angste van die hel deurgaan ter wille van ons.

God laat soms toe dat daar slegte dinge met ons gebeur, en wat die rede ook al is, dis nie vir ons om oor te tob nie. Dit is juis hierin waarin Job vir ons die antwoord gee, as ons geweet het wat God met ons lyding ten doel gehad het, sou daar geen spasie gewees het vir geestelike groei nie.

Dit is ons plig as Christene om so ver soos ons menslikheid dit toelaat, te probeer om nie te sondig nie. Ons moet God in goeie tye en in slegte tye vertrou.

*Sing: Skrifberyming 10-2 (SB 28b)*

*Teologiese Student Hendrik Pelser Schutte*